higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# MODETEKENINGE N5

(Eerste vraestel)

(10010525)

**2 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 4 addendums.**

156Q1B2002

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Gekleurde kouse was in ... in die mode.

A 1927
B 1870
C 1955
D 1990

1.1.2 Die Eskimo's dra ... om hulself te beskerm.

A sombrero's
B parkas
C rooi jasse
D togas

1.1.3 Bande wat Griekse vroue gedra het om hul borste te ondersteun is ... genoem.

A bra's
B gordels
C bandalette
D borsbande ('breast bands')

1.1.4 Die Griekse lap wat ongeveer 3 m wyd is en van wol of ligter wolmateriaal gemaak is, word ... genoem.

A Ionic Chiton
B Doric Chiton
C Peplos
D Himation

1.1.5 Die Kolobus was dieselfde as die ...

A Kamisa
B Buskin
C Tuniek
D Griekse Chiton

1.1.6 Die hoepelrok se oorsprong was in ...

A Indië
B Griekeland
C Egipte
D Spanje

Kopiereg voorbehou 

1.1.7 'n Opgedrukte voorkoms wat die borste as in enkele vorm vertoon, word 'n ...

A buustevoorkoms ('bust look')
B militêre voorkoms
C monovoorkoms ('mono bust')
D peplum

1.1.8 'n Stywe romp wat dit moeilik maak om te loop, word 'n ... genoem.

A monoromp
B dwarsbaanromp
C hobbelromp
D romp met valletjies

1.1.9 'n Rok wat aan die voorkant noupassend is maar agter uitgelaat/los is om van die skouers af weg te val, word 'n ... genoem.

A dubbelborsrok
B trapeze-rok
C Empire-rok
D capri-rok

1.1.10 Salva word in ... gedra.

A Turkye
B Indië
C Meksiko
D Londen

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Basiese kledingstuk vir Indiese vroue | A | produksie |
| 1.2.2 | Bord met plat sketse | B | skotse rokkie |
| 1.2.3 | Word deur Skotse mans gedra | C | Farthingale |
| 1.2.4 | Hoepelrok wat van Spanje afkomstig is | D | ontwerpontwikkeling |
| 1.2.5 | Met die bussel ('bustle') vervang | E | bussel |
| 1.2.6 | Bord met rowwe sketse | F | Fin de siècle |
| 1.2.7 | Staan as 'n vrou se uurglassilhoeët bekend | G | empire |
| 1.2.8 | Gewilde rok in die laat 1950's | H | Christian Dior |
| 1.2.9 | New Look-mode | I | Redingote |
| 1.2.10 | Langer, kuitlengteoorjas met 2–3 dubbelkrae ('clock collars') | J | aanbieding |
| | | K | Sari |

(10 × 2) (20)

1.3 Definieer die volgende sketse:

1.3.1 Ontwerpontwikkelingskets

1.3.2 Produksieskets

(2 × 2) (4)

1.4 Verduidelik presies wat elk van die volgende historiese kostuums behels:

1.4.1 Egiptiese lendekleed

1.4.2 Himation

1.4.3 Ionic Chiton

(3 × 3) (9)

1.5 Beskryf die kledingstukke wat in die volgende tydperke gedra is:

1.5.1 1860–1885 (4)

1.5.2 1912 (3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die sketse in FIGUUR 1 sorgvuldig en gebruik die templaat in ADDENDUM A (aangeheg) om 'n voorleggingstekening ('presentation drawing') te maak van 'n figuur wat die klere in die sketse dra. Toon slegs die vooraansig. Voltooi die voorleggingstekening met 'n geskikte agtergrond en gebruik die gegewe bykomstighede. Oorweeg al die vereistes vir 'n goeie voorleggingstekening.




(25)

**FIGUUR 1**

2.2 Bestudeer die prent in FIGUUR 2 sorgvuldig en gebruik ADDENDUM B (aangeheg) om 'n produksietekening te maak. Toon die voor- en rugaansigte van die bloes wat die model dra. Oorweeg al die vereistes van 'n goeie produksietekening.




**FIGUUR 2**

(25)
**[50]**


**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A**



**ADDENDUM B**



## ADDENDUM C

## INSTRUKSIES VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in ADDENDUM C om vir die formele eksamen van die tweede vraestel (X-vraestel) voor te berei wat binnekort afgelê gaan word.

2. Gebruik die tema wat in ADDENDUM D verskaf is om genoeg inligting vir die eksamen in te samel.

3. Jy sal toegelaat word om alle geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, tydskrifte, tooisels en ander noodsaaklikhede in die eksamenlokaal in te bring om 'n stel modeborde en sketse, soos dit in die industrie gedoen word, oor die gegewe tema te voltooi.

4. Tydens die eksamen van vyf uur sal daar van jou verwag word om 'n inspirasiebord en/of 'n ontwerpontwikkelingsbord en/of voorleggingstekeninge en/of produksietekeninge oor die gegewe tema te voltooi. Daar sal nie van jou verwag word om al die tekeninge in die ontwerpproses te maak nie. Die spesifieke sketse wat gemaak moet word sal aan die begin van die eksamen bekendgemaak word.

5. Jy sal nie toegelaat word om modesketse of modeborde in die eksamenlokaal in te bring nie. Alle modesketse moet tydens die eksamen voltooi word. Croquis sal verskaf word.

6. Die vraestel sal DRIE vrae bevat. Dit sal DRIE verskillende tipes sketse of borde oor die gegewe tema insluit. Elke vraag of modebord of stel sketse is 100 punte werd. Die totaal vir die tweede vraestel is 300 punte.

7. Moenie enige modesketse of modeborde tydens die voorbereiding maak nie. Alle tekeninge en modeborde moet tydens die formele eksamen voltooi word.

   Jy moet jou eie tekenpapier en karton waarop die tekeninge gemaak moet word, en kleurmediums verskaf. Karton is nodig om die finale modeborde af te rond. Die borde moet A3 groot wees en die kleure moet die reeks komplementeer om 'n professionele indruk te skep. Netheid en professionele uitleg is belangrike faktore om in gedagte te hou.

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM D**

**AFDELING A van die tweede vraestel**

Lees die instruksies oor die ontwerptema hier onder sorgvuldig.

Gebruik die tema: 'Die verlede, die toekoms en die hede' as inspirasie om 'n reeks tradisionele damesklere vir 'n modeparade wat by die Mapungubwe-erfenisterrein aangebied gaan word, te ontwerp.

Versamel inligting, materiaalmonsters, tydskriffoto's, bykomstighede en ander noodsaaklikhede oor die tema om in die tweede vraestel, wat oor 'n paar dae geskryf word, te gebruik.

Moenie enige modesketse of modeborde tydens die voorbereiding maak nie.
Alle tekeninge en modeborde moet tydens die formele eksamen voltooi word.
Die tipe sketse wat van jou vereis word sal op die dag van die eksamen aangekondig word.

Jy sal toegelaat word om alle inligting wat jy ingesamel het in die eksamenlokaal in te neem.
Moenie enige modesketse in die eksamenlokaal inneem nie. Croquis sal verskaf word.

Bring jou eie tekenpapier waarop die tekeninge gemaak moet word.
Karton sal nodig wees om die modeborde finaal af te rond.
Die karton moet A3 groot wees en die kleur moet die reeks komplementeer om 'n professionele voorkoms te skep.
Netheid en aanbieding is belangrike faktore om in gedagte te hou.

**LET WEL**: Jy moet alles saambring wat jy nodig het om die tekeninge oor die tema te maak. Dit sluit tekenpapier, karton, kleurmedia en alle versamelde inligting en noodsaaklikhede in wat jy nodig het om jou werk professioneel te laat lyk.

Kopiereg voorbehou